

STUDENTEHOF VAN DIE UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

In die aansoek van:

Jacobus Diener

Eerste Applikant

Chéri-Leigh Erasmus

Tweede Applikant

UITSPRAAK

Die Studentehof het op Woensdag 12 Augustus 2009 om 17h in die SR Raadsaal die aansoek aangehoor. Die applikante, Jacobus Diener en Chéri-Leigh Erasmus, was teenwoordig. Namens die SR was Retief Swart, Anke Stoman, Wynand Spruyt en Jana Giliomee teenwoordig. Anina van Coller was daar namens die konvenors.

Die inhoud van die aansoek was as volg:

1. Die applikante voer aan dat 'n neutrale student as konvenor aangestel moet word in terme van artikel 42(4) van die Studente-unie Grondwet (SUG) en dat 'n SR lid wat aangestel word as konvenor nie neutraal en onafhanklik is nie. Die vraag aan die hof was of 'n huidige SR-lid as neutraal beskou kan word.
2. Applikante voer ook aan dat daar geen geldige rede was om nog 'n tweede konvenor aan te stel nie omdat die eerste konvenor wel geldig aangestel was, en een konvenor voldoende is in terme van artikel 42(1).
3. Applikante maak beswaar teen 'n onkonsekwente wysiging van die SUG. Artikel 47(1) is gewysig op 4 Mei 2009 van "die eerste Vrydag in Augustus" na "die tweede Vrydag van die derde kwartaal". Artikel 47(2) is egter nie hiermee in lyn gebring nie.
4. Ingevolge artikel 42(3) moet daar voor die einde van Junie ten minste vyf persone aangestel word as lede van die stembuskomitee. Die applikante voer aan dat hierdie komitee nie betyds aangestel is nie.
5. Applikante voer aan dat artikel 47(3) van die SUG nie nagekom is nie. Artikel 47(3) vereis dat die nominasieproses in Die Matie geadverteer moet word.

1. Onafhanklikheid van 'n SR lid as konvenor:

Die hof het reeds op 23 Julie 2009 'n adviserende opinie aan die SR verskaf aangaande die vraag of dit wel grondwetlik is vir 'n persoon wat tans op die SR dien, om 'n stembuskonvenor te wees vir die verkiesing van volgende jaar se SR. Die hof het eerstens aandag gegee aan die status van

so 'n adviserende opinie en bevind dat dit *prima facie* is en nie noodwendig die finale siening van die hof is nie. Daarom bevind die hof dat dit wel binne die hof se jurisdiksie val om oor die aangeleentheid te beslis.

Die vraag het gehandel oor die interpretasie van artikel 42(4). Die eerste grond van die applikante is dat die persoon uit die aard van sy/haar huidige posisie as dienende SR-lid sy/haar eie vooropgestelde idees in terme van die rol en behoeftes van die SR het. Die hof is van mening dat dit nie beïnvloed sal word deur die status van 'n persoon as SR-lid nie, maar deur sy/haar optrede. Artikel 42(4) het te make met die optrede van 'n persoon wat aangestel is en nie soseer met die vraag wie aangestel word nie. Die bekommernis van vooropgestelde idees kan wel beskerm word deur onbehoorlike optrede aan die kant van 'n konvenor te bewys.

Tweedens voer die applikante aan dat die huidige SR-lid deur die uitvoering van sy/haar pligte as SR-lid daagliks aktief gekonfronteer word met die huidige SR se siening oor die rol van die SR en die behoeftes van die liggaam. Die hof bevind dat daar wel tussen pligte onderskei kan word en die plig lê op die konvenor om in die regte hoedanigheid op te tree.

Die hof interpreteer artikel 42(4) so dat die konvenor nie onder die gesag staan van die SR nie. Sou artikel 42(4) geïnterpreteer word dat dit gaan oor onafhanklikheid van die gesag van enige studente-organisasie, soos aangevoer deur applikante, dan sou dit die bepaling se omvang oortref. Dit sou beteken dat die groep van persone wat kwalifiseer om konvenors te wees onredelik klein sou wees. 'n Moontlike voorbeeld is waar 'n SR-subkomitee-lid of 'n koshuis HK-lid wil staan as konvenor maar nie kan nie, want hulle staan dan ook onder gesag van "n studente-organisasie". Dus die hof interpreteer die bepaling so dat die SR geen gesag oor die konvenors het in hul hoedanigheid as konvenors nie.

Eerstens, onafhanklikheid lê dus by die individu en dit word nie *per se* beïnvloed deur 'n SR-status nie. Tweedens is die hof nie oortuig dat dit die bedoeling van die SUG is om SR-lede uit te sluit as konvenors nie.

In beginsel kan 'n dienende SR-lid dus wel 'n onafhanklike stembuskonvenor wees.

2. Aanstellingsprosedure van die SR-lid as konvenor

Applikante voer aan dat die SR aanvanklik net een konvenor aangestel het, en later 'n medekonvenor bygevoeg het sonder om aan procedures te voldoen. Die getuenis van die SR het egter daarop gewys dat daar aanvanklik twee konvenors aangestel was ooreenkomsdig die voorgeskrewe bepalings. Een het bedank en die SR het daardie vakante pos gevul.

Die SUG maak nie voorsiening vir 'n prosedure indien 'n aangestelde konvenor bedank. Die SR het dus sy eie diskresie gebruik om die aanvanklike konvenor wat bedank het te vervang omdat dit nie prakties moontlik is vir een persoon om die take as konvenor te vervul nie.

Applikante voer aan, dat in die lig van die feit dat artikel 42(1) dit duidelik maak dat “een of meer” konvenors aangewys moet word, daar geen geldige rede was vir die aanstel van die addisionele konvenor nie. Sou dit die geval wees dat die SR aanvanklik net een konvenor aangestel het, en dan later besluit het om ‘n tweede een by te voeg dan sou dit ongeldig wees.

Die hof is van mening dat “een of meer” egter dui op die aanvanklike aanstelling van die hoeveelheid konvenors. Die SR het dus ‘n keuse om een of meer aan te stel. As die SR oorspronklik besluit het om twee konvenors aan te stel, soos wat die geval was, dan is hulle geregtig om daardie getal te handhaaf. Daar het toe ‘n onvoorsiene vakante pos ontstaan as gevolg van die bedanking. Die SUG spel geen prosedure uit in so ‘n geval nie en dus was die SR genoodsaak om sy eie prosedure te volg.

Die hof kan nie die vervangingsprosedure wat gevolg is meet teen die SUG nie, aangesien die SUG nie voorsiening maak vir so ‘n situasie nie. Om hierdie situasie in die toekoms te vermy is dit die hof se aanbeveling dat die SUG gewysig word om voorsiening te maak vir die vul van ‘n pos wat later vakant word.

Dit is ook die hof se mening dat dit in die beste belang van die verkiesing is om twee konvenors te hou omdat dit onprakties is om die werkslading wat aanvanklik op twee konvenors gelê is nou op een te plaas. Die SR het dus ‘n geldige rede gehad om die pos te vul.

3. Datums is onkonsekwent aangepas

Die applikante maak beswaar teen ‘n onkonsekwente wysiging van die SUG. Artikel 47(1) is gewysig op 4 Mei 2009 van “die eerste Vrydag in Augustus” na “die tweede Vrydag van die derde kwartaal”. Artikel 47(2) is egter nie hiermee in lyn gebring nie.

Die SR het erken dat hulle nagelaat het om artikel 47(2) te belyn met die wysiging van artikel 47(1). Op hierdie punt het die partye *consensus* bereik dat dit onsekwent is. Die SR het gevoldiglik onderneem om die SUG in lyn te bring met die wysiging in artikel 47(1).

4. Aanstelling van die stembuskomitee

Ingevolge artikel 42(3) moet daar voor die einde van Junie ten minste vyf persone aangestel word as lede van die stembuskomitee. Die applikante voer aan dat hierdie komitee nie betyds aangestel is nie.

Die hof bevind dat die konvenors nie hul plig in terme artikel 42(3) nagekom het nie. Die hof vind dit egter nie in die verkiesing en die studente se belang om die verkiesing op grond van hierdie versuim ongrondwetlik te verklaar nie omdat dit nie die billikheid van die verkiesing noodwendig in gedrang gebring het nie. Geen verdere regshulp is aangevra ten opsigte van die versuim nie.

5. Verkiesing nie in Die Matie geadverteer

Applikante voer aan dat artikel 47(3) van die SUG nie nagekom is nie. Artikel 47(3) vereis dat die nominasieproses in Die Matie geadverteer moet word.

Die hof bevind dat die konvenors nie hul plig in terme artikel 47(3) nagekom het nie. Die hof vind dit egter nie in die verkiesing en die studente se belang om die verkiesing op grond van hierdie versuim ongrondwetlik te verklaar nie omdat dit nie die billikheid van die verkiesing noodwendig in gedrang gebring het nie. Geen verdere regshulp is aangevra ten opsigte van die versuim nie.

Die hof erken dat die SUG gebrekkig is in heelwat aspekte. Die hof beveel dus aan dat die SUG so gewysig word dat dit in lyn gebring word met die praktyk. Hierdie uitspraak is egter gebaseer op die SUG soos dit tans staan.

Geteken deur die lede van die hof:

S Bovijn

HB Malcomess

L Meadows

K Shaik

M Visser